Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Redewan Larney
Hoofdirektoraat: Distrikte
Redewan.Larney@westerncape.gov.za | Tel.: 021 467 2337

Lêerno.: 28/3/9
Verwysing: 20220906-6313

Omsendbrief: 0030/2022
Vervaldatum: 31 Desember 2022

Aan: Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Kort opsomming: *Skoolbywoning deur graad 4- tot 11-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde assesseringstydperk in November 2022.*

Onderwerp: Skoolbywoning deur graad 4- tot 11-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde assesseringstydperk in November 2022

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is daartoe verbind om maksimum onderrig- en leertyd te verseker. Hoewel die beskikbare onderrigtyd regdeur die grade verminder het, bly die primêre onderrigdoel om leerders aan soveel moontlike leergeleenthede op graadvlak bloot te stel sodat hulle voldoende voorbereid is om na die volgende graad te vorder.

2. Skole word daaraan herinner dat 14 Desember 2022 die laaste skooldag vir leerders en 15 Desember 2022 die laaste skooldag vir onderwysers is.

3. Alle personeel by skole en distrikskantore moet kennis neem van die volgende:

3.1 Dit is elke skool se verantwoordelikheid om hul skoolprogram vir die duur van die finale assesseringstydperk en na afloop daarvan tot en met die laaste dag van die skoolkwartaal te beplan. Skole word aangeraai om **alle** leerders se skoolrapporte op **14 Desember 2022** uit te deel.

3.2 Leerders mag tydens en na afloop van die assesseringstydperk nie voor 13:00 verdaag nie. Dit is belangrik dat ouers voor die tyd oor hierdie skooltye ingelig is sodat hulle alternatiewe reëlings kan tref.

3.3 Daar word van alle opvoeders verwag om tydens die assesseringstydperk vir die volle duur van die skooldag (35 uur per week) by die skool te wees, ongeag of hulle toesighoudende pligte het of nie.

3.4 Skole wat graad 10 en 11 aanbied, mag nie hul finale assesserings voor **14 November 2022 begin of dit voor 06 Desember 2022 voltooi nie**. Skole, insluitend dié wat as nasiensentrums vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) gebruik word, kan egter by die distriksdirekteur aansoek doen vir toestemming om sekere vakke met praktiese eksamens, vroeër te begin assesseer.

3.5 Skole wat graad 7 tot 9 aanbied, mag nie voor **16 November 2022** met hul skoolgebaseerde assesserings **begin of dit voor 06 Desember 2022 voltooi nie**.

3.6 Skole wat graad 4 tot 6 aanbied, mag nie hul skoolgebaseerde assesserings voor **23 November 2022 begin of dit voor 06 Desember 2022 voltooi nie**.

3.7 Skoolbywoning is tydens die skoolgebaseerde assesseringstydperk verpligtend vir alle leerders, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.

3.8 Skole moet toesien dat leerders ná 02 Desember 2022 steeds skool bywoon en leerders moet met opvoedkundige aktiwiteite besig gehou word. Op die laaste dag van die skoolkwartaal moet leerders vir minstens drie uur en opvoeders vir minstens vyf uur by die skool wees.

4. Prinsipale word daaraan herinner dat hulle hul eksamenroosters minstens drie weke voor die aanvang van die skoolgebaseerde assesserings by die kringbestuurder moet indien. Distriksamptenare sal die implementering van hierdie direktiewe monitor.

5. Prinsipale en beheerliggame word versoek om tydens die finale assesseringstydperk, spesiale aandag te skenk aan die programme wat hulle opstel om so te verseker dat waardevolle onderrig- en leertyd nie verlore gaan nie.

GETEKEN: A LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-09-14